

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen Jesus Christus wat godverlate vir sondaars aan die kruis gesterf het en die “ander Jesus” van Satan en die geestelikes van hierdie wêreld wat van die kruis afkom om hulle spirituele leier te word. Dit wys hoe mense met hul gehoorsaamheid God naby hulle spiritualiteit wil bring maar só godloos leef. Dit wys hoe Christus as godverlate Messias die enigste wyse is waarop God met ons as sondaars leef.

Skriflesing Mat. 27: 37 – 46, 50, 51; Ps. 22: 1, 2, 8,9, 17 -19. Gal. 2: 4,5, 11 – 16.

Teks Mat. 27: “My God, my God, waarom het u my verlaat.”

Tema Christus is ons enigste kans om met God te leef

1. Dit is Jesus se laaste kans om die Koning van Israel te wees!

Die verskil tussen Jesus Christus en die “ander Jesus” wys op Golgota in die Jode wat vir Jesus sy laaste kans gee. Hulle gee Hom nog een kans om die Koning van Israel, God se volk, te wees. Hulle gee Hom sy laaste kans deur Hom sarkasties, sinies en snedig uit te daag met die woorde: “Hy is die koning van Israel, laat hy nou afkom van die kruis, en ons sal in hom glo.”

Sy laaste kans om Koning van Israel te mag wees is om van die kruis waar Hy aan vasgespyker is, af te kom!

Jesus antwoord die laaste kans wat hulle Hom gee om Koning van God se volk, sy kerk te wees, met die verklaring: “My God, my God, waarom het u my verlaat.”

Ons mag ons nie met hierdie verklaring van die Here aan die kruis misgis nie. Dit is nie sy wanhopige, desperate en hopelose kreet waarmee Hy erken Hy kan nie die Koning van Israel wees nie. Dit is die verklaring waarmee Jesus Homself Koning van Israel maak.

In die Jode se laaste kans vir Jesus en die Here Jesus se antwoord op hulle laaste kans, sien ons weer die verskil tussen die Here Jesus en die ander Jesus, die Jesus wat die goddeloses en geestelikes van hierdie wêreld wil hê.

2. Watter Jesus sal die Jode in glo?

Hulle sal glo in die Gesalfde van God, die Christus wat van die hoogste punt van die tempelgeboue afspring en dan deur God se engele gedra word tot op die grond. Die voorbeeld van uiterse dapper gehoorsaamheid! Dit is hoe Satan Jesus uitgedaag het om God se Gesalfde Koning te wees – om hulle geestelike leier te wees met dapper gehoorsaamheid. (Mat. 4: 5, 6) Gehoorsaamheid beveilig en beskerm deur God se goddelike magte. Gehoorsaamheid waarmee hulle naby God leef en God teenwoordig maak in die wêreld! Gehoorsaamheid waardeur hulle hul tempel in Jerusalem God se magsetel van God in die wêreld maak.

“Kom van die kruis af en ons sal in jou glo.”

Christus is ons enigste kans om met God te leef

Met hierdie uitdaging aan Jesus demonstreer hulle hul eie geestelike mag. Sy kruisiging is hulle mag! Dit is hoe hulle Jesus wegruim uit die geloof en gemeenskap van die volk van God. Hulle het Hom gevang, verhoor en as 'n godslasterlike sondaar veroordeel. Hulle het deur godsdienstige dreigemente teen Pontius Pilatus reggekry om Hom te kruisig, na Pontius Pilatus Hom onskuldig bevind het.

Sy kruisiging is die viering van die godsdienstige en geestelike mag van die Jode – hulle vertoon Hom aan die kruis as 'n valse Christus! Vals omdat Hy nie hulle gehoorsaamheid aan God kom bekragtig en bemagtig het as die sentrum van God se mag op aarde nie, maar verklaar het Hy gaan hulle tempel afbreek in in drie dae God se nuwe tempel oprig!

Daarom verklaar hulle sarkasties, sinies en honend dat sou Hy met die mag van God van die kruis afkom, sal hulle glo in Hom as die Christus! Hulle Christus wat hulle gehoorsaamheid God naby aan hulle bring en God teenwoordig maak in die wêreld.

3. Jesus antwoord hierdie uitdaging om die Christus te wees met sy verklaring: “My God, my God waarom het U my verlaat.”

Ons kan net die Here se verklaring ken en glo wanneer ons weet wat die Here met hierdie verklaring doen! Hierdie is nie die Here se eie woorde nie. Dit is die eerste sin van Ps. 22 van Dawid. Die Here maak 'n aanhaling uit hierdie lied wat Israel in die tempel en by hulle huise gesing het. Dit is net so goed soos een van ons wat die woorde: “Stille nag, heilige nag” hardop sê. Sou iemand dit doen, dan weet almal die persoon sê die eerste woorde van hierdie Kerslied. Met die woorde: “My God, my God, waarop het U my verlaat”, weet almal dat Jesus die eerste sin van hierdie lied wat hulle geken en gesing het aanhaal.

Hulle het geweet Jesus antwoord hulle uitdaging met hierdie sin. Tussen die gedrang kon hulle nie almal hoor wat die Here sê nie en party maak toe die afleiding dat Hy vir Elia roep om Hom te kom help. Party het gedink Jesus is desperaat en gee Hom toe iets om te drink maar ander het gedink Hy probeer Elia se hulp kry om vir hulle te wys Hy is die Christus, die seun van Dawid en die Seun van God. Dit was omdat almal die profeet Maleagi se profesie geken het oor die Christus wat so klink: “Kyk, Ek gaan Elia, die profeet, vir julle stuur voordat die groot en verskriklike dag van die Here kom.” (Mal.4: 4)

Hulle glo Jesus probeer Elia se hulp kry om Hom nou op sy laaste te kom help om die Christus te wees in wie die Jode kan glo.

4. Wat openbaar die Here met hierdie verklaring uit Ps. 22?

In Psalm 22 verwoord Dawid wat dit beteken om Godverlate te wees as God se Gesalfde Koning.

Dawid was God se Gesalfde Koning. Dawid het van God die belofte ontvang dat een van sy eie seuns, 'n seun van Dawid, God se eie Seun sal wees en Hy sal God se tempel bou. Ons moet onthou dat die naam Dawid beteken “Geliefde” en daarom

Christus is ons enigste kans om met God te leef

word die belofte Seun van Dawid ook God se eie Seun, sy geliefde Seun genoem in die Dawidsbelofte. ( 2 Sam. 7: 11 -)

In Psalm 22 verwoord Dawid hoe Hy as God se Gesalfde Godverlate voel en gee daarmee 'n beskrywing van wat werklike godverlatenheid is. God verlatenheid beteken om deur God gekies en gesalf te wees as Koning, maar nie meer deur God gehelp te word nie. God is teenwoordig in en by al die vyandskap, geweld en vernietiging wat een Dawid beplan en bedryf word, maar God doen niks om te help of te beskerm nie. Daarom Dawid se klag teen God: "Waarom is U ver daarvan om my te verlos, ver van die woorde wat ek uitskreeu ... My God, ek roep bedags maar U antwoord my nie." (Ps. 22: 2,3)

Wat Dawid in Ps. 22 oor Homself as godverlate mens geglo het, gebeur werklik net so soos in Ps. 22 verwoord met die Here Jesus aan die kruis.

5. Daar is vier besondere raakpunte tussen Ps. 22 en wat by die kruis van die Here gebeur!

In Ps. 22: 8 en 9: Stel Dawid: "Almal wat my sien, dryf met my die spot; hulle grys en skud die kop: Wend jou tot die Here!" en "Laat Hy Hom bevry, laat Hy hom red, as Hy hom goedgesind is." Hierdie is hoe Dawid as Gesalfde Koning van Israel deur mense bespot is in tye waarin hy uitgelewer was aan die mag van Saul, die filistyne en selfs sy seun Absalom – as hy God se Gesalfde is moet God Hom help. Hulle gaan nie. Dit is woordeliks hoe die priesters, skrifkenners en familiehoofde met Jesus aan die kruis as die Messias, die seun van Dawid en God spot: "Hy het op God vertrou, laat Hy Hom nou red, as Hy wil. Hy het immers gesê Hy is die Seun van God." (Mat. 27: 41)

In Ps. 22: 16 stel Dawid: "My krag het uitgedroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; in die stof van die dood laat U my lê." Dit is wat gebeur as Jesus suurwyn aan die kruis op 'n spons aangebied word en Hy dit drink met die woorde: "Dit is volbring." (Joh. 19: 29)

In Ps. 22: 17 stel Dawid "Inderdaad, honde het my omsingel. 'n Bende kwaaddoeners het my omring: hulle het my hande en voete deurboor." Dit is presies wat met die Here aan die kruis gebeur: Hy word omring met ander rowers aan die kruis en sy voete en hande word met spykers deur boor.

In Ps. 22: 18 stel Dawid "Ek kan al my bene tel. Hulle staar my aan met leedvermaak. Hulle verdeel my klere onder mekaar, hulle loot oor my boklere." Dit is presies hoe die Here sonder klere aan die kruis hang omdat die soldate sy klere gevat en daarvoor geloot het. (Mat. 27: 35)

Alles wat Dawid as die godverlatenheid van God se geliefde Seun, die seun van Dawid, die Gesalfde Koning van Israel verwoord het, gebeur werklik met Jesus as die Christus aan die kruis.

6. Dit is Jesus se laaste kans om die Christus te wees en Hy vat sy laaste kans om die Christus te wees.

Christus is ons enigste kans om met God te leef

Die Jode se Christus is die een wat Homself met goddelike mag red en van die kruis afkom vir die Jode wat God se gehoorsames is. Jesus maak Homself die Christus wat nie Homself nie maar ander red – sondaars red. Hy maak Homself die Christus vir hulle wat God nie naby God kom en God naby maak deur hulle gehoorsaamheid aan god nie. Hy maak Homself Christus vir hulle wie godverlate moet wees omdat hulle God nooit reg kan gehoorsaam nie.

Daarom gee Christus Homself oor aan die haat en woede waarmee God sondaars godverlate laat leef. Hy die Regverdige, maak Homself die godverlate mens in sondaars se plek.

Só vat Jesus die laaste kans, nie om Homself van godverlatenheid te red nie maar sondaars van Godverlatenheid te red!

En toe Christus dit doen, skeur Hy met sy mag as Here die voorhangsel van die tempel binne in Jerusalem. Die tempel van die gehoorsames en regverdiges breek die Here met godverlatenheid af. Dit beteken dat die tempel van die Here is nou godverlate en die Here is God met sy kinders.

Daarom verklaar die Here aan sy dissipels in die laaste vers van Matteus: en onthou Ek is met julle al die dae tot die voleinding.” Hy wat die Godverlatenheid van sondaars op Homself geneem is, maak dat ons altyd in die teenwoordige liefde van God leef.

Wie glo in Christus leef naby God, want God is met hulle. Dit is Jesus Christus. Wie God naby hulle maak deur hulle gehoorsaamheid aan God – is godverlate. Jesus het die laaste kans wat sondaars het om nie godverlate te wees en te leef, gevat en Homself God met sondaars gemaak.

Nou is Hy God met ons, sondaars, deur ons geloof in sy godverlatenheid in ons plek, nie deur ons gehoorsaamheid aan God nie.

7. In Galasiërs 2: beskryf Paulus 'n baie hartseer oomblik in die kerk se lewe: die apostel Petrus, die evangelis Barnabas en ander Joods-Christelike predikers se vrees vir die ander Jesus, die Joodse Jesus.

Petrus en van die ander Joods-Christelike predikers en gelowiges het gehoor hoe heidene tot geloof in die Here gekom het en 'n nuwe gemeente in die stad Antiogië gevestig het. 'n Christelike gemeente sonder die tempel in Jerusalem! Petrus het hierdie gemeente gaan besoek en saam met die gelowiges geleef en ook saam geëet. En toe gebeur die hartseer insident!

Van die Joodse Christene het toe van Jerusalem aangekom en toe hulle daar aankom, het Petrus, en toe Barnabas van Antiogië en die ander Joodse Christene, nie meer saam met die gelowiges uit die Grieks-Romeinse wêreld geëet nie. Die rede daarvoor was dat die Joodse-Christene geglo het dat al glo hulle in Jesus Christus, leef hulle nie naby God soos hulle nie, want hulle is besny en die nuwe gelowiges nie. Hulle kan nie saameet met mense wie nie so naby God aan leef soos hulle nie.

Christus is ons enigste kans om met God te leef

Paulus noem hierdie Jesus by wie jy naby kom deur jou gehoorsaamheid aan God, die verdraaide Jesus van die verdraaide evangelie! (Gal. 1: 6, 7) Paulus wys die Galasiërs dat hierdie optrede van Petrus en hulle wat Petrus-hulle navolg, dieselfde keuse is as wat die Jode by die kruis gemaak het: "Kom van die kruis af en ons sal in jou glo." Daarom stel Paulus dat in die evangelie-prediking het hulle Jesus godverlate aan die kruis gesien, en Hom aanvaar as die Christus wat hulle weer naby God bring deur die kruisiging van Christus. Hulle het God se Gees, God met hulle deur die geloof in Christus alleen ontvang. (Gal. 3: 1 – 5)

Maar die Joodse Christene glo dat hulle vir die gelowiges hul laaste kans bring om naby God te leef. Hulle oortuig gelowiges dat God nie naby hulle is nie en dat God net naby hulle sal kom, as hulle die wet van God onderhou! Om in Christus as die gekruisigde te glo, volgens hulle, bring jou nie naby God en laat jou nie naby god leef nie.

Só maak hulle Jesus weer die Jesus wie van die kruis afkom vir gehoorsames en nie godverlate aan die kruis bly vir sondaars nie.

8. Om aan die ander Jesus toe te gee, omdat jy bang is vir hulle wat nader aan God leef as gelowiges!

Dit is wat Petrus, Barnabas en die Joodse Christene in Antiogië doen!

Daarmee skep hulle optrede die ruimte en regverdiging vir twee soorte Jesusse in een kerk! Die een wat heidene deur hulle geloof in die gekruisigde Jesus nader aan God bring as wat hulle met hul afgode was, en die ander Jesus wat jou die naaste aan god bring deur jou gehoorsaamheid aan God se weet.

Met hulle bangheid vir die Jode wat nader aan God is as heidene, skep hulle die ruimte vir twee soorte Jesusse in een kerk: die een wat jou nader aan God bring en die een wat jou die naaste aan God bring. Die gekruisigde Jesus wat jou nader aan God bring en die Jesus wat nie godverlate gesterf het nie maar van die kruis afgekom het om ons te wys hoe om soos Hy die wet te gehoorsaam. Dit is nou kamstig die Jesus wat jou die naaste aan God bring.

In die Christelike kerke word dit vandag as twee soorte bekerings of geestelike ervarings bemark: die een wat God naby bring en die ander wat God die naaste bring! Die een wat God naby bring en die ander wat God binne in jou bring!

Dit is regtig hoe die breë christelike stroom in die wêreld ruimte in die kerk maak vir twee Jesusse! Jesus wat gekruisig is, is die Jesus wat jou sondes vergewe wanneer jy in hom glo. Deur geloof in Jesus is God met jou, en kan jy naby God leef, so leer hulle. Maar dan gaan hulle verder en leer dat hierdie Jesus jou nie die naaste aan God bring nie. Die naaste wat jy aan God kan kom is om met God se goddelike gees vervul te word. Wanneer dit gebeur, is God nie net meer naby jou nie. Dan is God binne in jou en word jy deel van die krag van mag van God wat jou intiem een met God maak. Hierdie intieme eenheid met God maak jou 'n godvervulde Christen en 'n magsetel van god in die wêreld!

Christus is ons enigste kans om met God te leef

Om só intiem met God te wees, moet jy volgens hierdie Christelikheid – tot 'n algehele en totale oorgawe aan God kom. En dit beteken algehele en totale gehoorsaamheid! Dan word jy 'n geestelike Christen!

#### 9. Wie is die Jesus van hierdie geestelike Christene?

Dit is die Here wat sy laaste kans gevat het en van die kruis afgekom het! Dit is die Jesus wat mense se algehele en totale oorgawes aan God bekragtig en magtig as God se magsetel in die wêreld.

Want die Jesus wat godverlate aan die kruis gesterf het, kan jou nie so intiem met God laat wees nie. Hy kan jou net naby God bring bring nie God binne in jou laat kom nie!

En ons as kerk van die gekruisigde Here Jesus, moet bang wees vir hierdie Christene wat God se Gees het en saam met hulle kerk wees. Ons kan nie kerk wees saam met sondaars vir wie Jesus Godverlate gesterf het en hulle met Hom laat leef nie.

Dit is mos totaal ongelowig om te glo dat Jesus jou net naby God bring, maar jou algehele oorgawe en gehoorsaamheid aan God jou meer intiem met God maak! Dit is om Christus te verwerp en aan 'n Jesus te glo wat sy kans gevat het om van die kruis af te kom vir die gehoorsames. Hoor wat sê Paulus oor hierdie sogenaamde godvervulde Christene wat intiemer met God is as gelowiges: "Trouens, diegene wat op die uitvoering van die wet staatmaak, val onder die vloek, want daar staan geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie hou by alles wat in die Wet geskryf staan, en dit uitvoer nie." (Gal. 3: 10) Die Jode wat nie glo dat Jesus hul godverlatenheid aan die kruis dra nie, is nie intiemer met God nie. Hulle staan onder die vloek van godverlatenheid! (Gal. 1: 6 – 9)

10. Daar is 'n stroom van Afrikaners in die Afrikaanse gemeenskap wat besig is om vandag vir Jesus sy laaste kans te gee om hul geestelike leier te wees, net soos die Jode vir Jesus sy laaste kans gegee het om hul geestelike leier te wees. .

Hulle doen dit ook net soos die Jode om die kruis. Hulle laaste kans aan Jesus klink só: Kom van die kruis af en word ons spirituele leier, die leier van ons eie geestelikheid, en dan sal ons in jou glo!

Kom word die leier van ons spirituele ervaring dat God die god van die onderdruktes is, die randfigure in die gemeenskap – en kom lei ons wat veg vir die regte van die onderdruktes! Kom bemagtig ons as God se se gehoorsame agente. Dan sal ons in jou glo, want ons glo nie aan jou as die godverlate Christus aan die kruis nie.

Kom word die leier van ons godservarings waarin ons een is in God se goddelikheid en dit met rituele vier – ons is die geestelike gehoorsames wat intiem is met God! Ons kan nie in jou glo as die Christus wat uit 'n maagd gebore is, godverlate geoffer is vir ons sonde nie, want ons glo nie in 'n offergod nie en ons kan nie glo dat jy as mens uit die dood uit opgestaan het nie. Kom van die kruis af en word ons geestelike leier. Dit is jou laaste kans wat ons as geestelike Afrikaners aan jou gee.

Christus is ons enigste kans om met God te leef

En ons sal hulle wat glo in die Jesus wat godverlate aan die kruis gesterf het, verdra as fundamentaliste terwyl ons hulle van hulle fundamentalisme bevry! Hulle is tweedeklas Christene wat nie intiem met God leef nie.

Hulle kry ook hulle laaste kans by hierdie spirituele Afrikaners! Dit is wat hulle verteenwoordiger vir ons as kerkraad en Ring verlede week gestel het. Hulle wou dat ons wat nie so spiritueel soos hulle is en nie in Selfde Geslag liefdes glo soos hulle wat Jesus se liefde beter as ons ken nie, 'n laaste kans kry om in die kerk verdra te word terwyl hulle ons reg gaan kry.

#### 11. Wie gee ons ons laaste kans?

Die Afrikaners wie vir Jesus sê: "Kom van die kruis af en ons sal in jou as ons spirituele leiers glo", of die Here wie ons enigste kans is om van godverlatenheid verlos te word?

Die nuwe alternatiewe Jesus wat nou slim en gekultiveerde Afrikaners se spirituele leier is, is Satan en die Jode se Christus. (Mat. 4: 5,6.) Dit is die Jesus wat van die kruis af gehaal word en mense se geestelike voorbeeld en rolmodel gemaak word. 'n Rolmodel soos in Stellenbosch waar spirituele tuintjies gemaak word waarin jy stil kan gaan wandel en sit om 'n meer intieme en inniger nabyheid met God te beleef, as die nabyheid van 'n bloederige Jesus wat aan die kruis gebly het. Dit is die nuwe alternatiewe Jesus wat in Pretoria in kerksale voor gazebo's opgesit word as stasies van Jesus se lewe waarby jy nader en intiemer met God is as die gekruisigde Jesus wat in die kerk gepreek word. Dit is die alternatiewe goddelike gees wat God nie meer God met jou laat wees, soos die Gees van die gekruisigde Jesus God met jou laat leef nie, maar wat God die god binne in jou maak. Intiem deel van die mag en krag van God en jou só die setel van God se nabyheid en teenwoordigheid vir die wêreld!

Hulle laaste kans aan Jesus is hulle finale verwerping van Jesus Christus wie God met ons is.

Want dit is net in en deur Jesus se godverlatenheid in die plek van ons wat godverlate moet leef vir die wyse waarop ons leef, dat Hy God met ons is. Hy leef as God met ons terwyl ons sondig is en sondig leef.

Jesus se godverlatenheid is ons enigste kans om met en in die liefde van God te leef wat God met ons is! Hy maak God ons Herder wat ons hulp en beskerming is, al verdien ons om godverlate te wees vir die wyse waarop ons leef.

Daarom aanbid ons die Jesus wat nie van die kruis afgekom het nie, maar godverlate vir ons aan die kruis gesterf het. Vir ons en die kerk van die Here is daar nooit ruimte vir die Jesus wat van die kruis afgekom het nie. Dit is Satan en die wêreld se geestelike rolmodel en geestelike leier vir hulle godlose spiritualiteit.